**Woensdag 27 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:67-77 (Direkte Vertaling)**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:74, 75**

## Bevry! Waarvan of waartoe?

Christene fokus nie net op "bevryding van …" nie. "Bevryding tot …" is net so belangrik, want mense is ná die sondeval geprogrammeer om vryheid te misbruik "… as 'n dekmantel vir die kwaad …" (1 Pet. 2:16) en "… 'n aanleiding vir ons sondige aard …" (Gal. 5:13). "Bevryding" lei gewoonlik na nuwe slawerny.

Daarom, wanneer Sagaria, vervul met die Heilige Gees, profeteer van die nuwe tyd wat sy seun sal aankondig (vs 76, 77), is die hoogtepunt van sy boodskap verse 74 en 75: die "waartoe" van die verlossing en bevryding.

Hulle wat die boodskap aanvaar, is "gered". Waartoe? Om God "… sonder vrees te dien …", want niks kan hulle uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28-30); "… in heiligheid …", want dis waarvoor Jesus bid (Joh. 17:17); "… in geregtigheid …", want daarvoor pleit Jesus vir hulle voor God (Joh. 16:10; 1 Joh. 2:1-3).

Christene vier elke dag "vryheid", want as dissipels van Jesus het hulle "… die waarheid leer ken …" en dit het hulle vrygemaak (Joh. 8:31, 32). Hulle dank God daarvoor deur daardie waarheid uit te dra en uit te leef; hulle stry teen alles wat hierdie fundamentele vryheid bedreig; hulle bid elke dag vir die regering sodat "… ons 'n rustige en stil lewe in alle vroomheid en waardigheid kan lei. Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kan kom" (1 Tim. 2:1-4).

Solank hulle daardie vryheid het, gebruik bevrydes dit daartoe – anders mag daardie vryheid verbygaan.

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*